

Tuks waak teen stert-in-lug

Morris Gilbert

Die kenmerk van 'n kampioenspan is die mate waartoe hy sukses kan temper sodat waardigheid nooit plek maak vir grootdoenerigheid nie.

Dis groot woorde dié van Nico Luus, onder wie UP-Tuks 1 met sewe agtereenvolgende oorrinnings as wenner van die eerste ronde van sowel die tussens-provinsiale Superliga as Carltonbeker-reeks uit die stryd getree het.

UP-Tuks het hiervan seker gemaak toe hy Centurion die afgelepe Saterdag met 62-44 in 'n baie opwindende en aanskoulike wedstryd geklop het.

Luus, wat einde verlede jaar as die nuwe hoofafrigter aangestel is, het sy span se onoorwonne vertoningslys in die eerste ronde geloof, maar ook 'n benadering van "voete op die grond" vir die tweede ronde beklemtoon.

"Eerder as om nou uitbundig fees te vier, is dit soveel belang-



Pieter Griesel, kaptein van UP-Tuks 1, ontvang die Lucas Strachan-skild van Johan Beukes, visepresident van die BBRU. UP-Tuks het die prys as wenner van die eerste ronde van die Carltonbeker ontvang nadat hy Centurion met 62-44 geklop het.

riker dat ons fokus op die harde werk wat nog in die tweede ronde voorlê.

"Die oorlog is immers nie verby totdat die laaste veldslag

gewen is nie. En voordat ons op enige noemenswaardige welslae kan aanspraak maak, moet ons in die tweede ronde beter wees in alles wat in die eerste ronde

ons sterkpunte was. Ons eerste wedstryd (op 12 Mei) is juis weg teen East Rand United, wat op sy tuisveld 'n baie harder neut is om te kraak," meen Luus.

"Ons was in die eerste ronde baie suksesvol in die aanval, wat die duidelikste wys uit die 60 drieë wat ons in die sewe wedstryde in die eerste ronde gedruk het.

"Wat verdediging betref, moet dit ons egter tot kommer stem dat ons in ons laaste twee wedstryde altesame 10 drieë afgestaan het. Dit is heeltemal te veel gemeet aan die hoë standaard wat ons vir onself stel," meen Luus.

UP-Tuks het boaan die Superliga geëindig met volpunte (35/35) en ook die Lucas Strachan-skild as wenner van die eerste ronde van die Blou Bulle se Carltonbeker-reeks verower. UP-Tuks het ook hier 'n 100%-suksessyfer met drie voltalle in drie wedstryde behaal (15/15).

Naka Bulle het tweede in al-

bei kompetisies geëindig met 28 op die Superliga- en 12 op die Carltonbeker-puntelys.

Naka het sy bepalings in die eerste ronde met die wegwedstryd teen Impala in Rustenburg afgehandel. Die tussspan was met 58-43 baas. Hoewel Impala sy oorwinning verdien het, het Naka soos UP-Tuks onlangs swaar onder die plaaslike skeidsregter gelewe.

Quins-Bobbies het goed herstel van die groot nederlaag wat hy op 14 April teen Centurion gely het. QBR het oortuigend met Vereeniging in 'n vriendskaplike wedstryd afgereken (72-12), wat net die regte medisyne is vir die laaste wedstryd in die eerste ronde teen Impala op 5 Mei.

Ander uitslae:

Tweede spanne: Tuks-Fezelas 50, Centurion 17; Naka Bulle 17, Impala 15; TUT 15, QBR 13.

Derde spanne: Centurion 29, Tuks-Pumas 19; Naka Bulle 37, Impala 12; QBR 62, TUT II 7.